# DIE DOOP EN VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES - 'N HERWAARDERING, PRIMÊR VANUIT HANDELINGE

Prof H C van Zyl[1]

## INLEIDING

In sommige charismatiese kringe word die doop met die Heilige Gees as 'n noodsaaklike "second blessing" voorgestel. Bo en behalwe dat jy glo in Jesus Christus moet jy ook met die Gees gedoop word voordat jy 'n ware (of geseënde) gelowige kan wees. Dit is veral tekste soos Hd. 2:38 en 8:14-17 wat ingespan word vir die gedagte dat geloof/bekering en doop met die Gees twee afsonderlike gebeure is; geloof moet opgevolg word deur die doop met die Gees. En as bewys van laasgenoemde dien besondere ervarings soos tongespraak, en meer resent: neerval of lag in die Gees.

As antwoord hierop - en soms as heftige reaksie daarteen - het kerke van gereformeerde karakter tradisioneel 'n onderskeid tussen die doop en vervulling met die Heilige Gees getref. Eersgenoemde sou dan na die uitstorting van die Gees op die pinksterdag in Jerusalem as 'n eenmalige handeling verwys, en laasgenoemde na die voortgaande werking van die Gees in die lewe van gelowiges. Om die doop met die Heilige Gees mag dus nie meer gebid word nie. Ons moet 'n "streep" ná die gebeure op die pinksterdag trek, en so ook ná die sigbare, ekstatiese tekens waarmee dit gepaardgegaan het. Maar om die vervulling met die Heilige Gees as 'n voortgaande gebeure - sonder die sigbare, ekstatiese tekens - móét die gelowige bid. Want so lê God al meer beslag op jou lewe en kom die vrug van die Gees (Gl. 5 :22) na vore wat die bewys lewer dat die gelowige deur die Gees van God beheers word.

Dit is my standpùnt dat ons hierdie onderskeiding tussen doop en vervulling met die Gees nie langer só kan handhaaf nie - nie op eksegetiese gronde nie en ook nie vanuit die manier waarop God met mense werk nie. Hiermee pleit ek nie vir 'n ongekwalifiseerde afstanddoening van die tradisionele gereformeerde standpunt nie, maar vir 'n meer genuanseerde siening oor die doop en vervulling met die Heilige Gees. Ek verduidelik.

1 Prof. H. C. van Zyl, Hoof: Dept. Nuwe Testament, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.

## 1. EKSEGETIESE GEGEWENS

### 1.1 Terminologie

In Handelinge is daar nie 'n groot verskil tussen die terme "doop" met, "uitstorting" van, en "vervulling" met die Heilige Gees, of dat die Gees oor mense "kom" of op hulle "val" nie. In Hd. 1:5 wys Jesus vooruit na die pinksterdaggebeure as "doop" met die Heilige Gees. Op die pinksterdag self word egter gesê dat almal met die Heilige Gees "vervul" is (2:4). In 2:17-18,33 word oor dieselfde gebeure weer as die "uitstorting" van die Heilige Gees gepraat (vgl. ook 10:45-46). Hd. 1:8 verwys daarna as 'n "kom" van die Heilige Gees oor die dissipels, en in 11:15 "val" Hy op die aanwesiges soos op die gelowiges tydens die pinksterdaggebeure (die 1983-Vertaling vertaal "val" met "kom"). Daar word dus met ten minste vyf verskillende terme na dieselfde pinksterdaggebeure verwys.

In die res van die Nuwe Testament kom die term "doop" met die Heilige Gees nie voor nie, behalwe in Mt. 3:11//Mk. 1:8//Lk. 3:15//Jh. 1:33, 1 Kor. 12:13 en Mt. 28:19. In *Mt. 3:11* en parallelle gedeeltes praat Johannes die Doper van Jesus wat met die Heilige Gees en met vuur sal doop. Volgens Hd. 11 :16 is dit duidelik dat Mt. 3:11 par ook op die pinksterdaggebeure betrek moet word (vgl. ook Hd. 1:5; 19:4). 1 Kor. 12:13 is 'n ambivalente geval. "Doop met die Gees" kan hier na die "gewone Christelike waterdoop" verwys wat die gemeente tot 'n eenheid saambind. Alternatiewelik kan dit inspeel op die argument wat Paulus besig is om te voer teen die geesdrywers (en skeurmakers) in die Korintiese gemeente. Hy wil sê (ek parafraseer): as julle aanspraak maak op die doop met die Gees, onthou dan dat die Gees julle tot één liggaam gedoop het waar een lid nie belangriker as die ander is nie. *Mt. 28:19* het te make met die doop in die Naam van die Drie-enige God en kom nie ter sprake vir ons onderwerp in die streng-tegniese sin van die woord nie. Die res van die Nuwe Testament dra dus nie werklik by tot die verdere verstaan van die term "doop" met die Heilige Gees nie, tensy ander terme se inhoude daarheen oorgedra word. Op die ou end is dit net die Handelinge-gegewens waarmee ons kan werk.

Wat die term *"vervul"* met of *"vol"* van die Heilige Gees betref, kom dit op een uitsondering na (Ef. 5:18), slegs in Lukas-Handelinge voor (Lk. 1:15,41,67; 4:1, Hd. 2:4; 4:8,31; 6:3,5; 7:55; 9:17; 11:24; 13:9,52[2]) Dit is dus 'n tipies

2 Lukas gebruik merendeels die Griekse term pimplemi, behalwe in Hd. 13:52 (pleroo) en in

Lukaanse term wat nie in die res van die Nuwe Testament weerklank vind nie. Ánder terme (vgl. volgende paragraaf) oorheers buite die Lukaanse dubbelwerk as beskrywing van die werk van die Heilige Gees in die lewe van gelowiges. Dit is ook opvallend dat "vervul" slegs in Ef. 5:18 as 'n *opdrag* aan gelowiges voorkom. By al die ander voorkomste word die werkwoorde *pimplemi* en *pleroo* (of adjektief *pleres*) in die passief gebruik. Die klem val dus op wat die Gees *aan* gelowiges doen.

Dit moet ook genoem word dat die saak rondom die doop en vervulling met die Heilige Gees uiteindelik nie net oor die terme "doop" en "vervulling" kan gaan nie. 'n Vlugtige ondersoek toon dat 'n *ryke verskeidenheid van terme* in die Nuwe Testament na die werk van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige verwys. By dié wat reeds vermeld is, noem ek die volgende (sonder om die lys uit te put): Die Heilige Gees salf, word gegee, rus toe, beseël, voer mee, leer, lei, besny die hart, beheers, bevry, bring lewe en vrede, woon in, getuig met ons gees, wek liefde, sonder af, bly op/in. En die gelowige ontváng (as gawe), hét, en is/word gebore uit die Gees.

Dit begin nou duidelik word dat dit 'n oorvereenvoudiging van die gegewens is om die werk van die Heilige Gees in die gelowige te laat opgaan in die terme "doop" en "vervulling", en in 'n bespreking van die onderskeid tussen die twee. Verder, hoewel dit lyk asof die tradisionele gereformeerde siening dat die doop met die Heilige Gees slegs na die pinksterdaggebeure verwys, ondersteun word deur die feit dat "doop" met die Gees vir alle praktiese doeleindes slegs in Handelinge voorkom, en dan spesifiek as beskrywing van die pinksterdaggebeure, is die saak van die doop met die Gees daarmee nie afgehandel nie. Want hierbo is reeds daarop gewys dat "doop" nie die enigste manier is waarop na pinkster verwys word nie. Ten minste "uitstort", "kom", "val" en "vervul" word ook daarvoor gebruik. En wat "vervul" betref moet ook gesê word dat hierdie term, wat volgens die gereformeerde siening vir die *voortgaande* werking van die Heilige Gees "gereserveer" word, in Handelinge juis ten opsigte van die *eenmalige pinksterdaggebeure* gebruik word (2:4). In 4:31 word "vervul" ook vir gebeure gebruik wat sterk herinner aan pinkster. Die terme word dus nie in sulke netjiese kompartemente aangetref soos tradisioneel voorgestel nie.

As verdere "komplisering" van die saak rondom die doop met die Gees, moet ook nog die verskynsel van die sogenaamde *meervoudige uitstorting van/doop*

Lk. 4:1, Hd. 6:3,5; 7:55; 11:24 (pleres).

*met die Heilige Gees* in Handelinge genoem word. In 8:15-17; 10:44-47 en 19:1-7 word vertel hoe die pinksterdaggebeure ook by ander geleenthede herhaal is, in twee gevalle mét en in die ander geval (8:15-17) sonder vermelding van die begeleidende teken van die tale of ongewone klanke.[3] Dit wil dus lyk asof die "doop" met die Heilige Gees nie so eenmalig is soos wat dit soms voorgestel word nie. Aan hierdie saak wil ek vervolgens aandag gee.

1. 2 Die meervoudige uitstorting van die Heilige Gees

Die dubbelwerk Lukas-Handelinge is in 'n besondere sin die boek van die Heilige Gees. Geen ander geskrif in die Nuwe Testament lê soveel klem op die werk van die Heilige Gees soos hierdie een nie.

Die *agtergrond* van hierdie beklemtoning lê in die Ou-Testamentiese verwagting omtrent die nuwe bedeling wat aan die einde van die tyd sou aanbreek. Dan sal God sy Gees sonder mate aan *almal* gee. Dit sal 'n era van volheid en krag wees. Daarom interpreteer Petrus op die pinksterdag die verskynsel van mense wat lyk asof hulle dronk is as die vervulling van die profesie van Joël: in die laaste dae sal God sy Gees op alle mense uitstort (Hd. 2:17; Joël 2:28). Nie net besondere mense, soos die profete, priesters en konings, sal die Gees van God besit nie, maar almal - seuns, dogters, jongmense, oumense, dienaars en dienaresse. En so gaan die versugting van Moses in Nm. 11:29 - dat die Here sy Gees op *almal* mag lê - ook in vervulling. Die kerk ontvang nou die Gees as 'n blywende inwoning.

En die *meerdere uitstortings van/doop met* die Heilige Gees? Lukas bedoel presies wat hy sê. Hd. 8, 10 en 19 val in dieselfde kategorie as Hd. 2 se pinksterdaggebeure. Dis deel van Lukas se strategie om te sê: soos die evangelie nuwe gebiede verower, so ontvang hulle dieselfde gawe as die gelowiges in Jerusalem. Hulle word nou ook ingelyf by die één kerk van die Here. Dis één familie. Soos I Kor. 12:13 dit stel: of daar nou Jode of Grieke, slawe of vrymense is, die kerk is met één Gees gedoop tot die één liggaam van Christus.

Dit is daarom nie net die *Jode*-Christene wat die Gees ontvang nie. "Alle mense" beteken ook *heidene*. In Hd. 8 is dit die Samaritane (half-Jode) wat die

3 In Hd. 4:31, wat baie lyk na nog 'n geval van 'n verdere uitstorting van die Heilige Gees, word wel die skud van die gebou vermeld, maar nie die vreemde tale nie. Hier word slegs genoem dat die gelowiges "met vrymoedigheid die woord van God verkondig (het)". In Hd. 6:3,10 word die "vol" wees van die Heilige Gees ook met woordverkondiging (en wysheid) verbind.

Gees ontvang; in Hd. 10 is dit die heiden (Romein), Kornelius -'n Joodse simpatiseerder - en in Hd. 19 is dit 'n splintergroepie (waarskynlik oorblyfsels van Johannes die Doper-volgelinge) wat in die deur en deur heidense stad, Efese, die Gees ontvang. God tref geen onderskeid tussen mense nie. Voor Hom is almal gelyk. As bewys hiervan ontvang almal dieselfde *gawe* (die Heilige Gees) op dieselfde *manier* (begeleidende tekens) as die gelowiges in Jerusalem. Daarmee word bevestig dat God besig is om almal deel van sy nuwe volk op aarde, die volgelinge van Jesus Christus, te maak.

Tot hier toe verloop die saak relatief "maklik". Die probleme begin egter wanneer ons die eksegetiese gegewens met die verskynsels, aansprake en teenaansprake vandag rondom die werking van die Gees in mense, in verband probeer bring. My standpunt dat die tradisionele onderskeiding tussen doop en vervulling met die Heilige Gees nie langer só gehandhaaf kan word nie, wil ek nou, hermeneuties vanuit die eksegetiese gegewens, met 'n verdere argument beredeneer: die manier waarop God met mense werk.

## 2. HOE GOD MET MENSE WERK

Uit die eksegetiese gegewens behoort dit duidelik te wees dat die onderskeid wat ons tref tussen doop en vervulling met die Heilige Gees ietwat kunsmatig is. Dit rus nie op die gegewens in Handelinge of in die res van die Nuwe Testament nie. Dis eerder 'n oordrewe skematisering van die gegewens vanuit pastorale oogmerke.

Die pastorale oogmerke van die gereformeerde "streepteologie" bevat egter 'n element van waarheid wat nie geïgnoreer kan word nie. Dit was en is kennelik daarop gemik om die eensydige aansprake, rigiede voorskrifte en - laat ons dit maar hardop sê - uitwasse en bedrog waarmee die Geestesdoop partykeer in sommige charismatiese kringe beoefen is en word, teen te werk. Maar dit was en mag nooit die bedoeling wees om die werk van die Gees te dwarsboom nie, hoewel dit soms daardie persepsie kon laat ontstaan het. ('n Reaksie teen uitwasse kan in sy ywer oorboord gaan.) Daar kan tog geen twyfel wees nie dat God se Gees volledig van elke gelowige besit wil neem. Hy wil ons beheer. Die hele oogmerk van die Gees is om gelowiges aan God en mekaar te bind, en toe te rus en te bekragtig vir hulle taak in die kerk en in die wêreld (Hd. 1:8). Ook sodat gelowiges die beeld van Christus kan vertoon deur die vrug van die Gees in hulle lewe na vore te bring: selfbeheersing, vreugde, vrede,

geduld, liefde, ensovoorts (Gl. 5:22-23). Hoe het ons sulke mense nie vandag in die kerk en in die samelewing nodig nie!

Die vraag is net: hoe realiseer die werk van die Gees in die gelowige se lewe? Die volgende opmerkings is myns insiens ter sake:

- 2. 1 Op die pinksterdag in Jerusalem het daar 'n *heilshistoriese wending* gekom. Dit lê nie soseer die klem op die eenmaligheid van die gebeure nie maar op die *onbeperkte beskikbaarheid* van die Gees in die kerk. Die Gees is nou mateloos dáár, tot álmal se beskikking.
- 2.2 "Heilshistories'"hou verder in dat dit *God Drie-enig* aan die werk is. Die werk van die Gees mag nooit van dié van die Vader en die Seun losgemaak word nie. Die Gees is die gawe van die *Vader* (Hd. 1:4) wat Hy gee op grond van die voltooide werk van sy *Seun, Jesus Christus* (Hd. 2:32-33). Die Handelingeboek kan daarom net soveel die handelinge van die Drie-enige God as die handelinge van die Heilige Gees genoem word.

Die feit dat die Heilige Gees soveel klem in Handelinge ontvang, hou nie in dat die werk van die Vader en die Seun verdring of op die agtergrond geskuif word nie, maar juis dat dit tot openbaring kom. Daarom ontvang Petrus se gehoor op die pinksterdag die opdrag dat hulle hulle moet bekeer, gedoop word tot vergiffenis van sonde in die naam van Jesus Christus, en die Heilige Gees as gawe ontvang (Hd. 2:38). Die bedoeling is nie om die *kronologiese volgorde* waarmee God se redding deel van die gelowige word, vas te lê nie, maar eerder om die *onlosmaakbare verweefdheid* daarvan uit te druk. Dit belig juis dat die *volle heil* deur God Drie-enig bewerk word. Dieselfde in Hd. 8:16 en 19:1-6: Dis nie die kronologiese stappe van (1) geloof, (2) doop in die Naam van Jesus en (3) ontvangs van die Heilige Gees wat voorop staan nie, maar eerder die feit dat hulle fasette van die volle redding is en daarom nie los van mekaar gedink mag word nie.

Handelinge probeer telkens aantoon dat die "verskillende elemente" van God se heil bymekaar hoort. Lukas werk nog nie met ons fyner dogmatiese onderskeidings omtrent die heilsorde nie. Oënskynlik lyk dit daarom asof die gebeure opeenvolgend plaasvind, hoewel dit in werklikheid Lukas se bedoeling is om te sê dat die geloof in Christus, die bekering tot God, die vergiffenis van sonde, die doop in die Naam van Jesus en die gawe van die Heilige Gees nie afsonderlike gebeure is nie, maar sáám hoort. Ons mag dus nie uit byvoorbeeld Hd. 8:15-17 die afleiding maak dat daar tweede klas-gelowiges (dié wat nog net glo in Jesus) en eerste klas-gelowiges (dié wat ook die Geestesdoop ontvang het) is nie. So word die hele bedoeling van Handelinge skeefgetrek.

- 2.3 Uit 2.2 mag egter nie die afleiding gemaak word dat die *verhouding met God iets staties* is nie. Net soos dit natuurlik vir 'n kind is om tot volle wasdom te groei, selfs oud en wys te word, so is dit in die verhouding met God. Dis 'n lewenslange en dinamiese groeiproses waar daar baie struikel en val, opstaan en loop, selfs hardloop en vlieg is. Daar moet ingegroei word in die verhouding met God. As daar nie groei is nie, kan tereg gevra word of daar nie êrens iets skort nie. Let wel: "groei" het niks te make met 'n valse optimisme en triomfantelisme waar alles net beter en beter word nie. Lyding, swaarkry en aanvegtinge is so dikwels deel van die groeiproses. Hier kan ons slegs verwys na Jesus se lydensweg en Paulus se ontberinge waarvan hy so graag ontslae wou wees (2 Kor. 12:7-10).
- 2.4 In hierdie groeiproses is daar 'n *God-* en 'n *mensfaktor*.

  2.4.1 Die God-faktor

  Twee sake moet hier beklemtoon word. *Eerstens* die *vrymag* van God. God kan nie gemanipuleer word nie. Hy gee Homself soos, waar, wanneer en aan wie Hy wil. Dis baie duidelik uit Handelinge. God is telkens die Een wat deur sy Gees die inisiatief neem. Die dissipels moet eers in Jerusalem wag op die gawe van die Gees voor hulle kan begin beweeg (1:4,8). Dis die Gees wat Petrus dring om na Kornelius toe te gaan (10:19). In 13:2,4 sonder die Gees vir Saulus en Barnabas af en stuur hulle na die heidene toe. En in 16:6-7 is dit die Gees wat Paulus verhinder om na sekere gebiede toe te gaan. Verder het ons uit die eksegetiese gegewens gesien dat by die term "vervul" met die Gees (mens sou "doop" ook kan byvoeg) die klem nie val op wat die mens moet doen nie, maar op wat God áán mense doen. Daar is geen tegniek of towerformule waarmee God se "arm gedraai" kan word om Homself vir jou te gee nie. Dit moes Simon die towenaar al tot sy skade uitvind (Hd. 8:18-19).

*Tweedens* is dit in die besonder die *"wanneer" wat in God se hande lê*. God bepaal die tye en geleenthede wanneer Hy in die besonder werk. Daar was tye in Israel se bestaan toe God deur die begenadiging van besondere mense sy volk gelei het. En toe die volheid van die tyd kom, stort God sy Gees mateloos op die kerk uit om hulle toe te rus vir die opbou- en uitboutaak wat voorlê. En so kan dit deur die geskiedenis aangetoon word hoe God deur sy Gees telkens nuwe stimulus, visie en insig gee sodat die kerk God se wil vir 'n spesifieke tyd weer helder kan sien en uitvoer. Die belangrike punt hier is dat Israel en die kerk nie altyd bewus was van enige noodsaak tot nuwe visie en dat hulle nood het aan God se kragtige werking nie. Dit lê ten diepste vas in God se raad en wysheid, wat die tye in sy hand hou, om daardie momente te bepaal. Weer eens lei dit

tot die konklusie dat ons God nie kan manipuleer nie. Ons kan Hom nie in optredes "inbid" waarvoor Hy die tyd nog nie voorberei het nie. Hierdie insig bring rustigheid in die kerk en individuele gelowiges se lewe. God ken ons tye en omstandighede deur en deur, beter as onsself. Hy weet wanneer om nuwe visie, moed en krag - selfs bó wat ons vra of op hoop - te gee. Daarvoor kan ons Hom vertrou.

- 2.4.2 Die mensfaktor

  By alles wat oor die vrymag van God gesê is, moet ook beklemtoon word dat dit lyk asof God Hom in sy vrymag ook aan *menslike resepsie en sensitiweit* bind. God gee Hom graag daar waar Hy welkom is. Natuurlik moet hierdie aspek nie verabsoluteer word nie, maar dit is so dat God se Gees bedroef en teengestaan kan word (Ef. 4:30; 1 Ts. 5:19). Punt is: die mate waarin en wyse waarop die werking van God se Gees ervaar word, hang ook saam met menslike gehoorsaamheid, sensitiwiteit vir die roeringe van God se Gees, en selfs ook met verskillende persoonlikheidstipes. Sommige mense is "van nature" meer vertrouend en gee hulleself makliker vir ander (en vir God) in 'n verhouding;[4] ander is meer terughoudend. Sommige is meer gevoelsmatig ingestel, ander meer verstandelik-krities. Hierdie insigte verklaar ten dele waarom daar soveel verskillende belewings van die één God is. Vir almal is daar egter 'n plekkie onder God se son.

Iets van hierdie verskillende belewings van God vind ook neerslag in sekere *Skriftradisies*. So is daar die *wysheidstradisie* (veral Spreuke) wat 'n baie nugter, plat-op-die-aarde ingesteldheid tot die lewe verteenwoordig. Die klem is op die praktiese lewenskuns - hoe om in hierdie lewe met sy verskillende kante, met insig en wysheid op te tree. Maar daar is ook die *profeties-charismatiese tradisie* waar die visioenêre, simboliese, ekstatiese, buitengewone, selfs die eienaardige en bisarre, vooropstaan. Baie van die profete se optredes in die Ou Testament doen nie net vandag vreemd aan nie, maar is ook destyds so beleef. So moes Jesaja vir drie jaar kaal rondloop om te demonstreer hoe die Egiptiese ballinge kaal weggevoer sou word (Jes. 20:2-4). Hieruit moes Israel die boodskap kry dat dit dwaas sou wees om op Egipte te vertrou. Jeremia moes weer met 'n juk op sy nek rondloop as simbool van Israel se komende onderhorigheid aan Babel (Jer. 27:2; 28:1-17). En Esegiël moes vir 390 dae lank op sy linkersy en vir 40 dae op sy regtersy lê om simbolies die neerdrukkende sondelas van Israel

4 Daar is onteenseglik ook die negatiewe sy hiervan. Die feit dat party mense meer vertrouend is, maak hulle ook meer vatbaar vir suggestie, wat in bepaalde situasies uitgebuit kan word deur emosionele en sielkundige pressie toe te pas. Hierdie negatiewe sy hef egter nie die egte resepsie van die werking van God se Gees op nie.

en Juda voor te stel (Eseg. 4:4-6). Oor die algemeen was die "profete-professie" nie altyd in hoë aansien onder die volk nie, onder andere vanweë hierdie vreemde optredes. Hulle is dikwels as "malles" gebrandmerk (vgl 2 Kon. 9:11; Jer. 29:26; Hos. 9:7). Natuurlik was daar ook die vals profete wat met hulle eksentrieke optredes wou aandag trek en geld maak (vir 'n NT voorbeeld, vgl Hd. 8:18-19). Maar dit neem nie weg nie dat ook die ware profete deel van hierdie tradisie was.

Die punt is dat beide die wysheids- en (egte) profeties-charismatiese tradisies outentieke manifestasies van die Gees van God verteenwoordig. Ons mag daarom nie in rigiede voorskriftelikheid na die een of ander kant toe verval nie. Vir almal geld die eis tot volledige oopstelling vir die werking van God se Gees. Maar hoe dit beleef sal word, hang van die genoemde God- en mensfaktor af. In elk geval is dit my kontensie dat ons dit nie met 'n verwysing na die onderskeid tussen doop en vervulling met die Gees kan "reguleer" nie. Veral nie as hierdie onderskeiding die bedoeling het om 'n streep na die pinksterdaggebeure in Jerusalem te trek nie. Want of die Gees Hom met allerlei sigbare tekens manifesteer (die sogenaamde doop met die Gees) of stil- en gaandeweg van iemand besit neem (die sogenaamde vervulling met die Gees), dit bly dieselfde Gees aan die werk. En wat die sigbare tekens betref, waarom net die meer ekstatiese uitsonder? Ten minste Hd. 4:31; 6:3,10 wys dat Geesvervuldheid ook met vrymoedige getuienislewering, barmhartigheid en kragtige redeneervermoë gepaardgaan.

Vir sommige mag die resultaat van die oopstel en ruimte maak vir God, die nadergroei na Hom toe, inderdaad soos 'n "second blessing" voel, soos 'n tweede gawe, soos 'n toegevoegde waarde tot hulle lewe, ja, soos 'n "Geestesdoop". Die kontras tussen die vorige en die nuwe lewe saam met God kan baie skerp ervaar word, in so 'n mate dat dit vir iemand mag voel asof hy/sy voorheen nie 'n ware gelowige was nie. Dit mag in bepaalde gevalle inderdaad so wees, maar dit beteken nie noodwendig dat so iemand voorheen ongelowig of verlore was nie. Dis net dat die kontras so oorweldigend ervaar word dat dit so voel. Maar selfs al word die oorgang tussen die "oue" en die "nuwe" as 'n bruisende stroomversnelling beleef, moet daar noodwendig weer in kalmer waters gevaar word. Ander (die meeste?) ervaar die oopstel vir die Heilige Gees nooit as 'n radikale breuk met die voorafgaande lewe nie, maar eerder as 'n geleidelike oormeestering of beïnvloeding waar Hy algaande jou lewenskoers verander, jou beheer, lei, onderrig en bevry van baie wanpersepsies oor God

en oor ander mense, sonder enige noemenswaardige buitengewone belewenisse.

Die goue reël is dat individue nie hulle persoonlike ervarings tot norm sal verhef waaraan ander gemeet word nie, of op 'n biblisistiese wyse tekste uit die Bybel, soos dit hulle pas, reglynig op hulleself en op ander van toepassing maak nie. Dan ontaard dit in geestelike hoogmoed en eindig ons by dieselfde punt waar die Korintiërs was en Paulus hulle moes betig (1 Kor. 12, 14). Verder moet ons ook weet dat ervaring van God se Gees nie buite intieme kennis van en insig in sy Woord om geskied nie. Wanneer mense op allerlei direkte verbindings met God - as sou dit die normale kommunikasie wees - aanspraak maak, en begin om hulle aan die kontrole van die Woord en van die gemeenskap van gelowiges te onttrek, begin die gevaarligte flikker. Dit kan as 'n algemene reël aanvaar word dat niemand se vethouding met God so uniek is dat ons op 'n radikaal partikuliere wyse kan voortstorm nie. Dan eindig ons in willekeurigheid en eiegeregtigheid.

Uiteindelik geld vir almal dieselfde reël: dat ons meer mens sal word na God se hart, volgens die beeld van sy Seun; dat vrede, barmhartigheid en diensvaardigheid ons lewe sal versier. Bo alles, dat die liefde soos 'n reënboog al ons lewensuitinge sal oorspan, want daarsonder is ons net leë blikke wat geraasmaak (1 Kor. 13 :1), maak nie saak op watter manifestasies en gawes van die Gees jy kan roem nie. Immers, van alle gawes is die liefde die grootste (1 Kor. 13:13).